

31 Januarie

Skrifgedeelte: Kolossense 2:16-23

Fokusgedeelte: Kolossense 1:16, 19

Fokus op Jesus Christus

Die gelowiges in Kolosse was herderloos, geen geestelike leier was beskikbaar om hulle in die weë van Jesus Christus te begelei nie. Dwaalleraars het allerlei voorskrifte ingestel om te probeer help in die jong gemeente, maar deur dit te doen, is voorskrifte neergelê wat mense mag eet en drink, hoe hulle sekere heilige feesdae moet vier. Daar is selfs van die gelowiges verwag om engele te aanbid en visioene te sien.

Paulus skryf aan die gemeente om hulle te waarsku. Paulus stel dat wat 'n mens geestelik maak, is nie wat hulle doen en onderhou nie, maar aan wie hy vashou. Paulus is versigtig om die Joodse feesvierings van byvoorbeeld die nuwemaansfees en sabbat en ander gebruike uit die Ou Testament net van die tafel te vee, maar wys daarop dat dit 'n heenwysing of skadubeeld is na Christus wat sou kom. Hy kan met sekerheid verklaar dat Christus wel gekom het, want die verheerlikte Christus het aan hom persoonlik verskyn (Hand 9).

Vir Paulus is Christus die bron waaruit alles ontstaan en in stand gehou word. Deur Hom is die gelowiges aan mekaar verbind soos 'n liggaam wat deur gewigte en spiere aan mekaar gehou word. Die enigste wyse om aan hierdie liggaam deel te hê, is om aan Jesus Christus vas te hou en gewillig onder sy heerskappy te staan.

Fokus dus vandag op die Hoof Jesus Christus, en dank God dat dit nie meer nodig is om self te probeer om gered te word deur die hou van allerlei wettiese voorskrifte en feesdae nie. Ons Verlosser het dit volbring.

Sing: Psalm 148:1

Dr Frans Minnie

